NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 1 JUNIE 2016 OM 10:00

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]

Goliath, M S I	Sneewe, A M
Papers, C H	Stanley, B J
Philander, D B	Traut, L
Rangasamy, M	Van der Merwe, J I
Sedeman, A C	Van der Westhuizen, R F

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Wnde. Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Hoof: Verkeer- en Wetstoepassing, mnr R P Steyn
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl A C Sedeman open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl B W Geel.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 4 MEI 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl L Traut)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 4 Mei 2016 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4./Sake...

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE MBT BESKERMINGSDIENSTE

5.1 MAANDVERSLAG: APRIL 2016

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

5.1.2 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSAFDELING (7/1/2/2-3)

5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

Die voorsitter behandel die onderskeie maandverslae van die Direktoraat Beskermingsdienste direktoraat, die Verkeer- en Wetstoepassingsafdeling sowel as die Brandbestrydingsafdeling.

Rdl A M Sneewe versoek dat die vroulike raadslede ook ingelig moet word wanneer padblokkades gehou word om sodoende ook deel daarvan te vorm.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Beskermingsdienste, die Verkeers- en Wetstoepassingsdiens en die Brandbestrydingsafdeling vir die tydperk April 2016;

(b) Dat verdere kennis geneem word van die versoek van rdl A M Sneewe om ook die vroulike raadslede in te lig wanneer padblokkades gehou word om sodoende ook deel daarvan te vorm.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE MBT ONTWIKKELINGSDIENSTE

7.1 MAANDVERSLAG: APRIL 2016

7.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk April 2016.

8. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL

8.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE BEPLANNINGS-TRIBUNAAL GEHOU OP 9 MAART 2016

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van 'n vergadering van die Munisipale Beplanningstribunaal gehou op 9 Maart 2016 soos met die sakelys gesirkuleer.

9. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Onder-voorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z	Stanley, B J
Fortuin, C	Van der Merwe, J I
Goliath, M S I	Van Zyl, M
Papers, C H	Wilskut, W
Rust, N J A	Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Wnde. Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Hoof: Verkeer- en Wetstoepassing, mnr R P Steyn
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:10 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl J H Cleophas.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 4 MEI 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriesedienste) gehou op 4 Mei 2016 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: APRIL 2016

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

5.1.1/Die...

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha, noem dat die damvlak tans konstant is wat aandui dat daar goeie samewerking vanaf die inwoners van die Swartland Munisipale area verkry word t.o.v. die versoek tot waterbesparing.

Rdl C Fortuin bedank die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir die besoeke wat hy aflê in Moorreesburg wanneer dit versoek word.

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, bedank die inwoners van Swartland Munisipaliteit vir die samewerking t.o.v. die versoek tot waterbesparing.

Die Uitvoerende Burgemeester noem verder dat, nadat die munisipaliteit 'n Vlak-2 waterbeperking wat 'n 20% waterbesparing meebring ingestel het, is 'n waterbesparing van 37% bereik. Alhoewel daar 'n besparing is, moet dit nog steeds toegepas word aangesien die damvlak van die Voëlvleidam nog steeds laag is.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Rdl C Fortuin bedank die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste vir die werk wat veral in Sentrumweg, Moorreesburg, gelewer is.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat kennis geneem word van die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk April 2016.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, rdl M Rangasamy [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z
Cloete, C M
Goliath, M S I
Stemele, O M
Traut, L

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Wnde. Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Hoof: Verkeer- en Wetstoepassing, mnr R P Steyn
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:33 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word toegestaan aan rdle J H Cleophas, Y S Cox-Chetty, B W Geel en F S Humphreys.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 4 MEI 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl L Traut, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat, na regstellings aangebring is, die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 4 Mei 2016 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN DIE MUNISIPALITEIT SWARTLAND (10/3/3)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die skrywes van dank soos met die sakelys gesirkuleer.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5./Gedelegeerde...

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

5.1 MAANDVERSLAG: APRIL 2016

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

Die voorsitter lê die onderskeie kwartaalverslae ter tafel.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder en die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir die tydperk April 2016.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

7.1 MAANDVERSLAG: APRIL 2016

7.1.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2) (5/7/1/1)

Die voorsitter behandel die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl C M Cloete)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk April 2016.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) M RANGASAMY
VOORSITTER: FINANSIES